**SKOON HANDE-DAG GEVIER:** Personeellede van Helderberg-hospitaal het Dinsdag 5 Mei Internasionale Handhigiëne-dag gevier en al hul pasiënte ook daarby betrek. Die personeel en pasiente het hul hande met 'n antiseptiese handwasmiddel gereinig, terwyl die belangrikheid van skoon hande beklemtoon is. Van links: Suster Alta Kotze, Angel Cloete, Kevin Meyer en Katie Ruiters het seker gemaak almal se hande is skoon.

FOTO: TAMSYN JANTJIES

# Baby Saver kon dalk weggooibaba red

DELIAH BRINKHUIS

**'n Drie-en-twintig-week-oue fetus is Saterdag in 'n sloot in Macassar gekry.**

Die gru-vonds is om 12:30 agter die B-woonstelle in Charlie Brownstraat deur 'n verbyganger ontdek. Die naelstring was nog aan die lykie.

Indien die tiener wat na bewering die baba daar gelaat het, bewus was van die bestaan van die Helderberg Baby Saver, sou sy dalk nie die baba weggegooi het nie.

Dit is die mening van Sandy Immelman, stigter van die Baby Saver wat in Augustus verlede jaar in Somerset-Wes aangebring is.

Lt.kol. Richard Koopman, stasiebevelvoerder vir die Macassar-polisie, bevestig dat 'n 17-jarige meisie later die dag na die stasie gekom en erken het dat sy geboorte aan die baba geskenk het en dit in die sloot gelaat het.

Die tienermeisie is dieselfde dag in 'n plaaslike hospitaal opgeneem waar sy steeds is. 'n Saak van kinderverlating word ondersoek.

"Ek is baie hartseer dat dié vrou so desperaat en onbewus was dat daar 'n ander uitweg is as om haar baba weg te gooi, en dat die pasgebore baba dood aangetref is," sê Immelman.

Sy beklemtoon die belangrikheid van familie sowel as gemeenskapsondersteuning vir swanger vroue.

Immelman sê vroue wat ongewenste of krisisswangerskappe het, kan die Choices Crisis Pregnancy Centre besoek vir ondersteuning.

"Ek hoop dat sou 'n vrou egter in moeilike omstandighede geboorte skenk en voel dat daar geen ander keuse is as om van die baba ontslae te raak nie, sy van die Helderberg Baby Saver sal weet," sê Immelman.

Die Baby Saver is 'n kluis waarin 'n baba kan pas in 'n muur by die Choices-sentrum en is 24 uur per dag oop.

Sodra die baba in die kluis geplaas word, sluit die kluisdeur outomaties en 'n sensor aktiveer 'n alarm. Vrywilligers by die Baby Saver sowel as mediese nooddienste sal dan op die alarm reageer. Die baba sal na die Helderberg-hospitaal geneem word vir versorging en vir aanneming aangebied word.

Die Helderberg Baby Saver is in die lewe geroep nadat daar in een week twee babas in Somerset-Wes gevind is. 'n Hawelose man het die eerste baba, wat Baby Amber gedoop is, op 8 Februarie langs die Lourensrivier gekry en die ambulansdienste verwittig wat haar na die hospitaal geneem het.

'n Paar dae later is nog 'n baba in 'n inkopiewaentjie in Somerset-Wes middedorp gekry.

Immelman spreek egter kommer uit dat nog geen babas ontvang is sedert die ontstaan van die Baby Saver nie.

"Indien vroue in nood is, maar nie van die Baby Saver weet nie, dien dit nie 'n doel nie," is haar mening.

Op die oomblik, sê Immelman, is dit belangrik om mense in die Helderberg oor die Baby Saver in te lig. Immelman is beskikbaar vir die aanbied van bewusmakingspraatjies by skole, organisasies en jeuggroepe.

"Ek hoop ons kan 'n volgende klein lewe red,"sê sy.

Kontak Immelman by 08 494 0983 of sandy-immelman@gmail.com, of besoek die Helderberg Baby Saver se Facebook-blad.

Bel die Choices-sentrum by 021 852 6454.